# Going back – Week 6: *"Here, bou ons huis... Here beskerm ons stad..."*

**Daar is 15 Psalms (120-134) wat die Jode gebid en gesing het oppad na die tempel toe.** As ons kyk wat die Jode gedoen het in onseker tye, waarin hulle baie keer was, dan het hulle opgetrek Jerusalem toe, het hulle na die plek toe gegaan waar hulle geglo het God is en het hulle gaan bid.

***Ek wil jou uitdaag om vir 2 maande hierdie Psalms/gebede saam met my te bid… al is dit al wat jy doen, bid dit 'n paar keer elke dag***

In **week 1** het ons gebid: ***"I'm in trouble. I cry to God, desperate for an answer."***
In **week 2** was die uitdaging: ***"Ek kyk op na die berge. Waar sal my hulp vandaan kom? My hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het***
In **week 3** het ons gebid: ***"Here, ek wil U loof! Ek kom om U te worship!"***
***In week 4*** het ons gebid***: "Here, ontferm U oor my... sodat ek my oor ander kan ontferm... have mercy… sodat ek mercy kan wys…"***
**In week 5** het ons gebid**: *"Here, ons is bly oor die groot dinge wat U aan ons doen!"***
**In week 6** bid ons: ***"Here, bou ons huis... Here beskerm ons stad..."***

**CONNECT** met die Here:

- **Raak eers net stil**
- **Maak jou hande oop asof jy alles wat jy het vir die Here wil weggee**
- **Gee nog kans vir stilgebed en wag 'n paar oomblikke**
- **Laat een persoon Psalm 127 as gebed lees, en bid daam:** *"Here, bu ons huis... beskerm ons stad..."*
- **Bly nog stil vir 'n minuut of wat voor julle "amen" sê.**

**CONNECT** met die Here deur sy Woord - **Lees nou Psalm 127 weer.**

'n Pelgrimslied. Van Salomo.
As die Here die huis nie bou nie, swoeg die wat daaraan bou tevergeefs.
As die Here die stad nie beskerm nie, waak die wat dit beskerm tevergeefs.
Tevergeefs dat julle vroeg opstaan
laat gaan slaap om met moeite 'n bestaan te maak.
Vir die wat Hy liefhet
gee die Here dit in hulle slaap.
Seuns is geskenke van die Here, kinders word deur Hom gegee.
Soos pyle in die hand van 'n krygsman,
so is seuns wat gebore is toe hulle vader nog jonk was.
Dit gaan goed met die man wat sy pylkoker so gevul het!
Sulke mense het niks te vrees as hulle met die vyand
in die stadspoort onderhandel nie.

**Die Jode is oppad terug tempel toe en as hulle Jerusalem in stap en die wagters op die mure sien en by die groot tempel kom, kan hulle maklik oorweldig word deur die grootheid en menslike**

**vernuf daarvan. Dan is hulle geleer om te bid:** "As die Here die huis nie bou nie, swoeg die wat daaraan bou tevergeefs. As die Here die stad nie beskerm nie, waak die wat dit beskerm tevergeefs."

- **Waarom dink jy het ons nodig om hierdie perspektief te hoor?**

- Drie maal word die woordjie ***"tevergeefs"*** gebruik. Hoeveel keer het jy al tevergeefs iets probeer doen of verander in jou lewe? Hoe voel dit om "***tervergeefs"*** te probeer, of magteloos te wees?

- **Hoeveel worry jy?** Hoe hard werk jy? Met hoeveel moeite probeer jy kop bo water hou? Hoekom?

- **Om te slaap is om werklik magteloos te wees**, om in 'n posisie te wees waaraan jy nie kan fight of vlug nie, waarin jy niks kan doen nie. Watter waarde het dit om juis dan te ontdek dat God sorg en voorsien en deurkom?

**Die tweede deel van die Psalm v 3-5, praat oor hoe belangrik verhoudings is.**

- As jy weer na die vrae hierbo kyk, **watter verskil het jou verhouding met die Here en jou verhouding met ander mense gemaak** in daardie situasies?

- Vir Jode was hulle kinders hulle waarborg vir hulle tokeoms. Die woordjie *geskenk* (in v 3) word afgelaai van die woord wat erfporsie beteken. Hier gaan dit oor kinders, maar die implikasie is dat verhoudings (*met God en kinders, met ouers en vriende*) jou toekoms waarborg. **Wat kan jy doen** om vir hulle met wie jy in 'n verhouding is, se toekoms makliker te maak?

**CONNECT** met die Here:

Ons gaan vir die volgende 10 weke by hierdie 15 Psalms leer hoe om te bid as ons wil terug-gaan na die Here toe (*en ook sommer om ons harte voor te berei vir ons teruggaan kerk toe*).

Elke week gaan ons 'n nuwe gebed aanleer. Die challenge is om die Psalm elke dag van die week 'n paar keer te lees en elke keer die gebed van die Psalm te bid:

***Die gebed vir week 6*** is: ***"Here, bou ons huis... Here beskerm ons stad..."***

**Lees weer Psalm 127 as stilgebed**

**Gee vir elkeen kans om op sy eie te bid**

**Lees dan hardop Psam 134 (***Ons gaan elke week met hierdie Psalm afsluit***)**